KI-DEO NUUSBRIEF

10 years and growing stronger

Januarie 2015

Ons vier 10 Ongelooflike Jare

Wie sou nou ooit kon dink dat 10jr in ‘n oog-wink sou kon verbygaan! Ek onthou die 1ste Julie 2005 soos gister, ons gesin het in een van die kamers van Ki-Deo ingetrek om die res van die huis te kon regkry vir die kinders wat sou arriveer op 15 Julie. Wat ‘n babelse verwarring om alles te kon regkry, teëls wat nog gelê moes word, kaste wat nog ingebou moes word, meubels wat nog gekort het en vennote van die Doxa Deo Suidkampus wat vir twee weke lank elke dag, sommiges na werk, kom help het met die laaste verfwerkies, teëls se sement, ens. en bereid was om saans tot laat te werk! Het ons geleer om in totale geloof te kon staan en die Here werklik te vertrou vir alles!

Met groot afwagting het ons uitgesien na die dag wat die kinders sou arriveer en op 15 Julie het die eerste tweetjies gearriveer en die res oor die volgende twee dae! Skielik het ek 11 kinders meer gehad, kinders van verskillende agtergronde, blootstellings en trauma’s! Het ons oor die afgelope 10 jaar baie trane gehuil saam met ons hartkinders maar is dankbaar om te kan sê dat ons soveel meer kon lag, kon ons saam droom, saam bid en vertrou, kon ons nog elke dag God se guns en seën ervaar, al was elke dag nie maklik nie, soveel uitdagings, men-se wat teleurstel, maar God stel nooit teleur nie. Met my oog gevestig op Jesus was die wenpaal altyd in sig!

Dit maak nie saak hoe groot die storm was nie, Hy het ons deurgedra, was daar nie ‘n dag wat ons honger gaan slaap het nie, Hy het altyd voorsien!

Was dit wonderlik om te kon sien hoe Jesus die Groot Geneesheer stukkende kinders heelmaak, hoe bang ogies weer leer vertrou, kon ons die herstelproses treetjie vir treetjie saam met hulle loop!

Soveel mense wat oor die afgelope 10 jaar betrokke was, mense wat werklik familie en vriende van Ki-Deo geword het!

Ek moes die eerste treetjie in die geloof gee op die pad waarnatoe Hy my gelei het, was daar soveel twyfel oomblikke, maar ook bang oomblikke, doen ek die regte ding, maar altyd het ek geweet dat dit is waar Jesus wil hê ek moet wees! Moedelose tye was daar baie, maar elke keer het Hy my kom versterk en die krag gegee vir elke dag, weet ek dat ek vandag is waar Hy wil hê ek moet wees! My roeping, my passie, my lewe!

Hierdie kinders het my hartkinders geword vir wie ek sal baklei met alles in my, wil ek hulle geleenthede gee wat hulle nooit gehad het nie en is ek so dankbaar vir Sy Heilige Gees wat my elke dag lei, my die insig en wysheid gee, dat ek net ‘n instrument in Sy hand kan wees! Leer ek elke dag nog soveel lessies, maak nog soveel foute, maar dis okey want ek is net die instrument!

God roep nie soseer die bekwames nie, maar hy bekwaam die wat Hy roep. Dit is nie wat ek doen wat saak maak nie, maar dit is wat God kies om deur my te doen. Dit is ‘n voorreg, ‘n verantwoordelikheid, ‘n roeping en gee my lewe betekenis. Beleef en sien ons nog soveel wonderwerke, dat ons partykeer verstom staan, want ons dien ‘n awesome God!

Dankie aan al ons sponsers, vriende, almal betrokke wat die afgelope 10 jaar gehelp het om ‘n verskil in ons kinders se lewens te kon maak, dankie vir julle omgee en liefde en dat julle altyd bereid is om te help, ons waardeer julle ongelooflik baie!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH

Ons is ‘n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op ‘n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Uitdagings vir die Jaar

Toiletware:

Ons benodig mense wat maandeliks kan help met ‘n kind se toiletware. Ons het verlede jaar mense gehad wat commit het en op ‘n stadium net opgehou het om toiletware te voorsien. Die kinders het regtig uitgesien na hul maandelikse toiletware en was dit moeilik om te verduidelik waarom ‘n spesifieke kind nie sy toiletware ontvang het nie, al het ek dit gegee, was dit nie dieselfde nie. Dit laat hulle tog spesiaal voel as iemand moeite vir hulle doen!

Help waar behoefte is:

Indien daar mense is wat eerder gekontak wil word wanneer ‘n spesifieke kind bv. skoene nodig het, sportklere, of enigiets anders, kan ek jou op ‘n lysie sit en ‘n sms deurstuur, indien jy dan kan help sal dit wonderlik wees, indien nie, dan ‘n volgende keer!

Kruideniersware:

Met subsidies wat verlede jaar ‘n uitdaging was, wil ons vra of daar nie diegene is wat maandeliks kan help met kruideniersware nie. Elke pak suiker of blik koffie help om ‘n verskil te maak en hoef ons dit nie self te koop nie. Lysie is in die eerste kolom!

Help met Kinderpartytjies:

Indien jy kan help met ‘n kind se verjaarsdag en ‘n koek vir ‘n spesifieke kind kan bak of lekkergoedpakkies kan bydra, sal dit soveel waardeer word!

Maandelike finansiële bydraes:

Ons wil die jaar probeer om onafhanklik te wees van die subsidies ontvang van die Staat aangesien dit verlede jaar so wisselvallig was en ons nie daarop kon staatmaak nie. Enige maandelikse bydrae gaan help met ons maandelikse uitgawes en help om ons begroting te laat klop! Ons is ‘n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige BEE sowel as NPO sertifikaat en ons BEE rating is tans 82%. Jy kan ook vra vir ‘n artikel 18A sertifikaat. Help ons asb die jaar om finansieël onafhanklik te kan wees en binne ons begroting te kan bly! Ons het regtig elkeen se ondersteuning hier nodig!

Suksesse

Ons is so dankbaar om te kon sien hoe ons kinders vorder op skool, het ons oor die afgelope amper 10 jaar al 5 leiers en 1 medialeier opgelewer waarvan een ‘n onderhoofseun was, ‘n bloubul in rugby, kinders wat uitgeblink het in atletiek, hokkie en rugby, kinders wat skolasties uitblink, toekennings by die skool gekry het en het ons die jaar 3 van ons kinders ingeskryf by Tukkies en studeer een deeltyds deur Unisa. ‘n Ander een bedryf sy eie besigheid met groot sukses!
Dit gaan goed met ons kinders wat die huis verlaat het en kuier ons nog gereeld saam! Dit bly hul ouerhuis en dis so lekker as hulle nog met hul probleme na my toe kom en ek nogsteeds die ma kan wees wat kan help!

Fondsinsameling:

Ons vier ons 10jr met ‘n groot fondsinsameling waar ons graag ‘n groter bussie vir die huis wil koop, een wat 12 mense kan vervoer en kyk ons spesifiek na die Toyota Quantum!
Hierdie is ‘n geloofsaak en vertrou ek absoluut die Here hiervoor! Ons Vito bussie is net te klein en kan net 8 persone op ‘n slag vervoer en verder is hy ook al baie oud, amper by die 300 000 km!
Sodra ons iets op skrif het, sal ons die inligting vir julle deurgee! Mense ondersteun ons asb hierin, nooi besighede uit, kom belê in ‘n kind se lewe en help om ‘n verskil te kan maak! Help om ons droom ‘n werklikheid te maak!
Ons gaan onder andere ‘n veiling hou en benodig ook items om te kan opveil, enigiets wat ons daar kan gebruik, sal waardeer word!
Maar ons hou julle op hoogte en hou ons ook dop op facebook vir die nuuste nuus en vordering rondom dit!
Dankie dat ek weet dat ek op julle kan staatmaak, bid en vertrou saam met ons, want ons dien mos ‘n God van die onmoontlike, Hy sal voorsien!

Kontak my sou jy wou help of indien jy dalk idees het, borge wat kan help, ens.

So dankbaar vir elkeen wat ons hande neem en elke treetjie van die pad saam met ons is!